

## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

<b>Sondag:</b>	Ida Roux, Jurgens Uys.
<b>Maandag:</b>	Pieter Schneider, Patat Theron.
<b>Woensdag:</b>	Ann Latgegan, JP Marais, Ameer Piek, Ruan Piek.
<b>Donderdag:</b>	Anro van Antwerpen.
<b>Vrydag:</b>	Marié Maas, Louis Meyer, Leo Oosthuizen, Arno Visser.
<b>Saterdag:</b>	Lydia Fouché, Kalinka Lewis, Louis Odendaal, Carl van Zyl.

### HELDERBERG SENIORKLUB

Byeenkoms: Dinsdag, 8 Oktober by NG Kerk Helderberg, Firmountweg  
Tyd: 09:00 Tee & verversings, 09:30 Samesang en program  
Koste: Lede R10, Besoekers R20  
Kunstenaars: Musiekleerlinge van die Hoërskool Parel Vallei bied 'n vrolike lenteprogram aan. *Alle afgetredenes welkom.*  
Navrae: Apolonia Maritz – 021-8537560 / 0825077091

**CPM (Cross Road Prison Ministries)** poog om d.m.v Bybel-korrespondensiekursusse gevangenes in tronke aan die evangelie bekend te stel, hulle menswaardigheid te bevestig en heling te vind. Mentors merk die lesse en stuur saam met elke gemerkte les 'n brief van bemoediging en hoop wat deur die organisasie by die tronke besorg word. Daar is 'n groot behoefte aan meer mentors. Die laaste CPM mentoropleiding van vanjaar is Saterdag, 12 Oktober van 9.00 tot 12.30 by die Geref. Kerk Bellville, Broadwaystraat 6, Vredelust (oorkant Louis Leipoldt Medi-kliniek).  
Kontak persoon: Margo Nijeboer 083 263 4523.

### Kerkraadsverkieëing

By die Kerkraadsvergadering van 26 November 2024 moet twee kerkraadslede verkies word vir 'n termyn van drie jaar. Die verkiesing van kerkraadslede is die **taak van die hele gemeente**. Daarom dat gemeentedele versoek word om persone te **nomineer** en ook **voorbidding** te doen vir die kerkraad - voor die verkiesing, nadat hulle verkies is, en ook nadat hulle bevestig is.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.



## FAMILIENUUS

SONDAG 6 OKTOBER 2024

### WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

**09:00:** HENNIE FOUCHÉ  
**SKRIFLESING:** MARKUS 4:26 - 34  
**TEMA:** BEKOMMERD OOR DIE KERK...

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

Ds Ewald J van Rensburg is met Sabbatsverlof tot 31 Oktober 2024

### Oktober is die Tiendemaand van die jaar en in ons gemeente is dit ons Spesiale Dankoffer-maand

Dalk het jy ook een of meer dinge op jou wenslysie wat jy só graag wil bekom. Ons sien mos soms dat ander mense iets het en dan wens ek dat daar 'n dag sal aanbreek dat ek dit ook kan bekom. Dit kan selfs gebeur dat mens jaloers is op dit wat ander het, en wat ek (nog) nie het nie.

Oktober is vir ons as gemeente die maand waarin ons nie wens vir meer nie, maar dankbaar verwonderd is oor alles wat ons ontvang. Kom ons maak hierdie maand 'n lys van so veel as moontlik items waarvoor ons dankbaar is. Voeg elke dag ten minste één item by jou lys.

Een van die maniere waarop ons ons dankbaarheid wys is met ons dankoffer. Daarmee sê ons dankie dat ons aan die gemeente kan behoort, en *deur die gemeente* God se lig na ander kan versprei.

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za  
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za  
**Kerkkantoor:** Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00  
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za  
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51  
**Direkte Erediens-uitsendings:** <https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/>  
**YouTube adres:** <https://youtube.com/channel/UC6L00Ch0mvcwrmqkl1iWULA>  
**Potgooi:** <https://bit.ly/3SXY7FI>

## Bybelstudie-geleentehede gedurende die week:

Daar is drie Bybelstudie-geleentehede waar ons tans besig is om Nehemia te bestudeer.

- Dinsdagaande 19:00 - 20:00 in die Familiekamer
- Woensdagoggende 08:45 - 09:45 in die Familiekamer
- Woensdagoggende 10:00 - 10:45 by Huis Vonke

Enigiemand is welkom om hierby in te skakel.

Daar is ook ander Bybelstudie- en Omgeegroepes in die gemeente. Laat weet gerus as ons jou kan help om by enige van hierdie groepe in te skakel.

**#opWeg in die week  
(20-30-jariges) Woensdae 19:00 in Familiekamer**

## Beroep van 'n dominee

Die Kerkraad is tans besig met die proses om 'n dominee te beroep wat die vakature kan vul wanneer ds Ewald aan die einde van Februarie 2024 aftree.

Die pos is vroeër vanjaar geadverteer. Daar is aansoeke ontvang, en onderhoude met persone gevoer. Die pre-advieskommissie het nou hulle verslag voltooi en aan die kerkraad oorhandig. Die beroepingsvergadering sal plaasvind op Dinsdag 22 Oktober 2024.

Laat ons as gemeente ook saam bid en afhanklik wees van die Here in hierdie tyd en op hierdie onbekende pad vir ons gemeente.

## HAM Kersfees Skoenboks Projek



- Elke kind se **wenslysie** is op die boks.
- Die boks se totale waarde moet nie meer as R500 wees nie.
- Doen asb. aankope by PEP/Jet/Ackermans ter wille van eenvormigheid.
- Plaas die **kind se naam en huisnaam bo-op die boks** - skryf gerus 'n briefie vir Kersfees by.
- Handig by die kerkkantoor in **voor 10 November 2024**.

## Ouma / Oupa en Kleinkind Sondag - 13 Oktober 2024

Ons vertrou dat al die Oumas en Oupas en Kleinkinders genooi is vir ons ereediens op Sondag 13 Oktober 2024. Hopelik sal dit 'n dag wees waarop families eers saam met mekaar die ereediens bywoon, en daarna heerlijk saam met mekaar kuier.



## Almal wat in matriek is en binnekort met hulle finale skooleksamen begin

moet ook onthou van hierdie ereediens op Sondag, 13 Oktober 2024. Ons wil graag vir julle sterkte toewens vir die eksamen en die nuwe hoofstuk in julle lewe.

## SIT 'N BIETJIE HANDJIE BY:

Indien jy graag sou nou en dan op 'n Sondag wil help tee skink en help opruim daarna, kontak asb. vir Lida of Yolandi in die kerkkantoor. Vele hande ligte werk! Hoe meer mense help, hoe minder gereeld kry jy Natuurlik 'n diensbeurt.



Indien 'n teepot jou dalk te senuweeagtig maak maar jy is meer vertrouwd met 'n rekenaar, dan het ons jou ook nodig! Ons het steeds hulp nodig by die uitsendings na die Tehuise op 'n Sondag. Laat weet asb. indien jy so nou en dan op 'n Sondag hiermee kan help

## November is die tyd wanneer **SORG VIR JOU SIEL**

deur Ewald van Rensburg interaktief behandel gaan word.

Hier is die program van **Sorg vir jou siel**:

- ! **Sessie 1: Wat is die Siel?** Woensdagaand, 19:00, 6 November
- ! **Sessie 2: Die Siel se gesukkel.** Sondagaand, 8:30, 10 November
- ! **Sessie 3: Wat die Siel benodig.** Woensdagaand, 19:00, 13 November
- ! **Sessie 4: Die praktyk v Genade.** Sondagaand, 18:30, 17 November
- ! **Sessie 5: Die praktyk van Dankbaarheid.** Woensdag, 19:00, 20 Nov
- ! **Sessie 6: Die praktyk van Groei.** Sondagaand, 18:30, 24 Nov.
- ! Almal welkom. Gee asseblief jou naam op by die kerkkantoor sodat ons die kursusboeke kan druk.